



# PALIMPSES

Johann de Lange

(Uit: [vonk@verse](#) 2. Best Books, 2011)

AANBIEDING OPGESTEL & VERWERK (UIT BRONNE SOOS  
AANGEDUI) DEUR:

**LOUISE FULLARD**

# Johann de Lange (1959- )

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

# Wat palimpSES beteken?

Downloaded from eduresourceza.com

## PERKAMENTROL

*(parchment scroll)*

waarvan die oorspronklike skrif  
afgekrap of onsigbaar gemaak is  
sodat daar weer op geskryf kan word

Die Griekse woord, *palimpsestos*, beteken letterlik:

"iets wat skoon gevryf is"

(Skryfwerk op 'n palimpSES reaktiveer dus daardie ou  
betekenisse van woorde uit die oorspronklike teks.)

Downloaded from eduresourceza.com



- Baie bome word daaglik afgekap om papierprodukte te maak.
- Elke stukkie papier waarop ons skryf, was oorspronklik 'n **BOOM**.



Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

# TIPE GEDIG:

- ▶ Universele gedig (Universal)
- ▶ Gedig handel oor **SKRYF** (WRITING),  
maar ook oor die lewe
- ▶ dus is die gedig op alle mense van toepassing

# TEMA(Theme):

Downloaded from eduresourceza.com

Hierdie gedig handel oor:

- ▶ Strofe 1: Vernietigingsproses  
(destruction)
- ▶ Strofe 2: Herskeppingsproses  
(re-creation)

Downloaded from eduresourceza.com

# TEMA: Hierdie gedig handel oor:

Downloaded from eduresourceza.com

## ► vernietiging (destruction)

❖ In strofe 1 vind die vernietigingsproses in die natuur plaas ter wille van menslike behoeftes:

❖ houtkappers  
(wood cutters)  
kap die bome  
af met byle  
(axes) en



Downloaded from eduresourceza.com





stuur die  
boomstompe  
na meulens  
(mills)

om fyngeaad (verpulp) te word  
sodat papier daarvan gemaak  
kan word.



en

# ► herskepping (re-creation)

❖ In strofe 2 verskuif die fokus na die digter se herskeppingsproses met papier en sy tikmasjien.

## ❖ SKRYFPROSES

# TITEL

- ▶ PalimpSES is 'n antieke perkament wat meer as een keer gebruik is.
  - ▶ Perkament is deur monnike (monks) gebruik.
  - ▶ As hulle nuwe inligting wou skryf, het hulle die inligting wat daarop was uitgevee en weer geskryf.
- ▶ PalimpSES dui op **herskepping**.
- ▶ Perkamentrol waarvan die oorspronklike afgekrap of onsigbaar gemaak is sodat daar **weer** op geskryf kan word.



- ▶ Die titel “Palimpsey” hou verband met die herskeppingsproses -
- ▶ die mens kan weer op die perkamentrol skryf.
- ▶ Die digter herskep as't ware die bome se woorde deur sy gedig op papier, 'n produk van die bome.

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

# STEMMING (TONE)

## Hartseer (Sad)



► In versreëls 1 en 2 skryf die bome, en

► in strofe 2 skryf die digter

► op die palimpsey "die hele gamma van die woord/en pyn".

► Die digter kan die stem van die stil bome (stil is die bome; / stil... ") laat herleef wanneer hy "kletterend" (versreël 1) met sy tikmasjien die bome se "skryf" laat herleef - die "grein" (ruwe oppervlak) (versreël 11) van die bome kan weer "dein" (op) of herleef op papier (versreël 14).



- ▶ Die **STILTE** word beklemtoon deur die:
  - ▶ tipografiese wit (die wit skeiding tussen die strofes) en die
  - ▶ kommapunt aan die einde van versreël 8.
  - ▶ Komma na **stil**, versreël 9.
- ▶ Die stilte van strofe 1 **kontrasteer** met die "kletterend(e)" handeling van strofe 2.

► Die woordkeuse "ring op ring" (versreël 13) is veelseggend.

► Alle bome het **jaarringe** (annual/growth rings, tree/timber rings) waarvolgens die ouderdom van 'n boom bepaal kan word.

► Die jaarringe hou verband met die "**gamma van woord**" –

► dit wys na die mens se tyd op aarde en

► die "PYN" (versreël 14) wat die mens deur die tye ervaar het.

# KLANKNABOOTING/ONOMATOPEE

(onomatopoeia)

Wanneer 'n klank deur  
middel van woorde  
uitgedruk word,  
byvoorbeeld: r9

kletterend



# KLANKRYKHEID EN RITME

Downloaded from eduresourceza.com

## Alliterasie (alliteration):

Dit is wanneer dieselfde medeklinker of konsonant kort na mekaar in dieselfde versreël herhaal word, veral as dit aan die begin van 'n lettergreep is.

r.7 “pulp en plet”

Downloaded from eduresourceza.com

## Assonansie (assonance):

Wanneer dieselfde klinker of vokaalklank kort na mekaar in dieselfde versreël herhaal word.

r.6 “saag en maal”

# BOU

Downloaded from eduresourceza.com

## Uiterlike bou:

**Strofe 1** = oktaaf  
(8 versreëls)

**Strofe 2** = sestet  
(6 versreëls)

Gedig het nie eindrym  
nie.

Moderne sonnet

Downloaded from eduresourceza.com

## Innerlike bou:

**Strofe 1** skep 'n beeld van  
bome wat deur houtkappers  
afgekap word en dan word  
papier gemaak.

**Strofe 2** gee die toepassing.

# PALIMPSES?

Downloaded from eduresourceza.com

- 1 Bome skryf teen die blou
- 2 kreukellose lug dinge
- 3 wat niemand verstaan nie.
- 4 Houtkappers kom met byle
- 5 en vel die bome
- 6 Meulens saag en maal
- 7 en pulp en plet die hout.
- 8 Stil is die bome,

Downloaded from eduresourceza.com



9 stil, net tot hy kletterend  
10 met sy tikmasjien  
11 uit selfs die fynste grein  
12 die hele gamma van woord  
13 en pyn ring op ring  
14 deur hierdie oggend laat dein.



# STROFE 1



Downloaded from eduresourceza.com



► Die vernietigingsproses in die natuur ter wille van menslike behoeftes.

► Houtkappers kap bome af met byle en stuur die boomstompe na meulens om fyngemaal te word sodat papier daarvan gemaak kan word.

► Eers leef die bome dan word hulle stil.



r.1 "Bome skryf teen die blou" ~ r.8 "Stil is die bome;"

Downloaded from eduresourceza.com

# STROFE 2

Downloaded from eduresourceza.com

- Die woord “**stil,**” beklemtoon dat die bome nie meer kan skryf (leef) nie.
- Die skrywer skryf neer wat die bome nie meer kan sê nie.



Downloaded from eduresourceza.com

# STROFE 2...

Downloaded from eduresourceza.com

- r.12 "gamma" verwys na alles in die lewe. (everything)


- Die letterlike verklaring van die woord gamma:

- is 'n letter in die Griekse alfabet.
- Dit kan ook verwys na 'n tipe enkodering waarmee foto's verander kan word.

| The Greek Alphabet |            |                          |            |            |                          |
|--------------------|------------|--------------------------|------------|------------|--------------------------|
| UPPER CASE         | LOWER CASE | NAME AND NUMERICAL VALUE | UPPER CASE | LOWER CASE | NAME AND NUMERICAL VALUE |
| Α                  | α          | ALPHA (100)              | Ν          | ν          | NI (50)                  |
| Β                  | β          | BETA (200)               | Ξ          | ξ          | XI (60)                  |
| Γ                  | γ          | GAMMA (300)              | Ο          | ο          | OMICRON (70 + 100)       |
| Δ                  | δ          | DELTA (400)              | Π          | π          | PI (80)                  |
| Ε                  | ε          | EPSILON (500)            | Ρ          | ρ          | RHO (90)                 |
| Ζ                  | ζ          | ZETA (600)               | Σ          | σ          | SIGMA (200 + 400)        |
| Η                  | η          | ETA (700)                | Τ          | τ          | TAU (100)                |
| Θ                  | θ          | THETA (800)              | Υ          | υ          | UPSILON (90 + 100)       |
| Ι                  | ι          | IOTA (900)               | Φ          | φ          | PHI (100)                |
| Κ                  | κ          | KAPPA (1000)             | Χ          | χ          | CHI (200)                |
| Λ                  | λ          | LAMBDA (10000)           | Ψ          | ψ          | PSI (200)                |
| Μ                  | μ          | MU (100000)              | Ω          | ω          | OMEGA (30000)            |

Greek is the language in which the original New Testament was written. After the conquest of Alexander the Great (roughly 330-323 BC), the language underwent far-reaching changes. Alexander carried the Hellenic form of the language (along with Greek culture) far into the Near East where it became the standard language of commerce and government. Greek was eventually adopted as a second language by the native people of these regions and was ultimately transformed into what has come to be called the Koine or common Greek.

Some say God specifically prepared this language so that wherever Paul and the other Apostles went they could be understood. Whether this is accurate or not, one thing is for sure - God used common, everyday language to spread His Word. The gospel is not for the elite only, but for prince and peasant alike.



Downloaded from eduresourceza.com

- ▶ Die bome moes verander om deur die spreker gebruik te word.
- ▶ Dit **wat die bome wou sê**, word nou deur die digter gesê.
- ▶ Die digter **herskep die bome se woorde** met sy
  - ▶ tikmasjien (r.9) “kletterend” deur sy gedig op papier, ‘n produk van die bome.
  - ▶ r.11 “uit selfs die **fynste grein**”
  - ▶ r.14 “deur hierdie oggend **laat dein.**”
  - ▶ r.13 “en pyn **ring op ring**” dui op die jaarringe
- ▶ **Jaarringe hou verband** met r.12 “die hele **gamma van woord**”
- ▶ Dit wys na die mens se tyd op aarde en die “pyn”(r.13) wat die mens deur die lewe ervaar het.

Dit wys na die  
mens se tyd  
op aarde en  
die "pyn"  
(r.13) wat die  
mens deur die  
lewe ervaar  
het.



# PALIMPSES

Downloaded from eduresourceza.com

## PERKAMENTROL

waarvan die oorspronklike skrif afgekrap of onsigbaar gemaak is sodat daar weer op geskryf kan word

Moderne  
sonnet

Personifikasie

Strofe 1 = oktaaf (8 versreëls)

- 1 Bome skryf teen die blou
- 2 kreukellose lug dinge
- 3 wat niemand verstaan nie.
- 4 Houtkappers kom met byle
- 5 en vel die bome
- 6 Meulens saag en maal
- 7 en pulp en plet die hout.
- 8 Stil is die bome;

Without crease

Daar is nie wolke in die lug nie.

"r1&2"  
skryf die bome

Lumberjacks

Sawmills

Flatten

Assonansie

Alliterasie

Gedig het nie eindrym nie.

❖ strofe 1 vind die vernietigingsproses in die natuur plaas ter wille van menslike behoeftes:

Downloaded from eduresourceza.com

Die stilte word beklemtoon deur die kommapunt aan die einde van versreël 8...

Die **stilte** word **beklemtoon** deur die: **lipografiese wil** (die wit skeiding tussen die strofes)

"**stil**" beklemtoon dat die bome nie meer kan **skryf (leef)** nie.

**Strofe 2 = sestet (6 versreëls)**

9 stil, net tot hy **kletterend**  
10 met sy tikmasjien  
11 uit selfs die fynste grein  
12 die hele gamma van woord  
13 en pyn ring op ring **jaarringe**  
14 deur hierdie oggend laat dein.

Cluttering

Type writer

Grain

Hiperbool (oordrywing)

Klanknabootsing/  
onomatopee

Strofe 2:  
skryf die  
digter

Herleef

Gedig het **nie eindrym** nie.

**Kontras:** Die stilte van strofe 1 met die  
"kletterend(e)" handeling van strofe 2.

Die jaarringe hou verband met die "**gamma van woord**" – dit wys na die mens se tyd op aarde en die "PYN" (versreël 14) wat die mens deur die tye ervaar het.

❖ In **strofe 2** verskuif die fokus na die digter se  
herskeppingsproses met papier en sy  
tikmasjien. **SKRYFPROSES**

*The End*

# Algemene vrae

Downloaded from eduresourceza.com

1. Verduidelik kortliks wat die titel van die gedig beteken.
2. Verduidelik op wie en wat in elke strofe van die gedig gefokus word.
3. Wat is die funksie van die enjambement in hierdie gedig?
4. Hierdie gedig kan as 'n modern engelse sonnet beskou word. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord.
5. Die titel dui op perkament waarop twee keer geskryf word. Hoe sluit die titel by die inhoud van die gedig aan?
6. Wat sal jy sê is die tema van hierdie gedig?
7. Skryf EEN WOORD neer wat die stemming in hierdie gedig beskryf.
8. Waarom kan hierdie gedig as universeel gesien word?

Downloaded from eduresourceza.com

# Vrae: Strofe 1

|     |                                                                                                       |
|-----|-------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 1.  | Watter beeld word in strofe 1 beskryf?                                                                |
| 2.  | Dui die personifikasie in strofe 1 aan.                                                               |
| 3.1 | “kreukellose lug” (r.2) is ‘n voorbeeld van (letterlike/figuurlike) taalgebruik.                      |
| 3.2 | Motiveer jou antwoord.                                                                                |
| 4.  | Wat gebeur met die bome in Strofe 1?                                                                  |
| 5.  | Dui die kontras in strofe 1 aan. Haal twee versreëls aan.                                             |
| 6.  | Wat is die funksie van die herhaling van die woord “bome” in reëls 1, 5 & 8?                          |
| 7.  | Dui die alliterasie in strofe 1 aan. Skryf die versreël neer en onderstreep die allitererende klanke. |
| 8.  | r. 7 “pulp en plet die hout” Wat gebeur met die hout? Verduidelik in jou eie woorde.                  |
| 9.  | Strofe 1 bestaan uit kort sinne met punktuering. Wat is die funksie daarvan?                          |
| 10. | Wat is die funksie van die kommapunt(;) aan die einde van r.8?                                        |
| 11. | Skryf die versreël neer waar assonansie in voorkom. Dui die assonerende klanke aan.                   |
| 12. | Verduidelik r. 3 “wat niemand verstaan nie” in jou eie woorde.                                        |
| 13. | Waarna verwys die “dinge” in r.2?                                                                     |

## Vrae: Strofe 2

Downloaded from eduresourceza.com

1. Watter beeld word in strofe 2 beskryf?
2. Die mens kan 'n perkamentrol meer as een keer gebruik(herskep). Op watter wyse herskep die digter die bome?
- 3.1 Waarmee laat die digter die "stil" stem van die bome herleef. Skryf EEN WOORD neer.
- 3.2 Skryf 'n voorbeeld van onomatopee(klanknabootsing neer.
- 3.3 Waarom dink jy is die woord 'n goeie woordkeuse om die herlewingsproses te beskryf.
4. r.11 "uit selfs die fynste grein" en r.14 "deur hierdie oggend laat dein."  
Watter boodskap wil die digter oordra met die twee aanhalings uit die gedig?
5. Wat is die doel van die tipografiese wit wit skeiding tussen strofe 1 en strofe 2?
6. Dui die kontras aan tussen strofe 1 en strofe 2.
7. Skryf EEN WOORD uit strofe 2 neer wat beklemtoon dat die bome nie meer kan skryf nie.
8. Skryf EEN WOORD neer wat 'n aanduiding is wanneer die digter hierdie gedig skryf.
9. Waarna verwys die woord "gamma"( r.12)?
10. Warna verwys "ring op ring" r.13?
11. Hoe vind die vernietiging en herskepping van bome in hierdie gedig plaas?
12. Dui die assonansie in strofe 2 aan.
13. Skryf TWEE aparte woorde neer om die binnerym in strofe 2 aan te dui.
14. Op watter wyse kry die digter dit reg om die gedig tot 'n eenheid saam te bind?

Downloaded from eduresourceza.com

| MEMORANDUM |                                   |
|------------|-----------------------------------|
| 1.         | Downloaded from eduresourceza.com |
| 2.         |                                   |
| 3.         |                                   |
| 4.         |                                   |
| 5.         |                                   |
| 6.         |                                   |
| 7.         | Downloaded from eduresourceza.com |
| 8.         |                                   |

| Antwoorde: Strofe 1 |                                   |
|---------------------|-----------------------------------|
| 1.                  | Downloaded from eduresourceza.com |
| 2.                  |                                   |
| 3.1                 |                                   |
| 3.2                 |                                   |
| 4.                  |                                   |
| 5.                  |                                   |
| 6.                  |                                   |
| 7.                  |                                   |
| 8.                  |                                   |
| 9.                  |                                   |
| 10.                 |                                   |
| 11.                 |                                   |
| 12.                 | Downloaded from eduresourceza.com |
| 13.                 |                                   |

| Antwoorde: Strofe 2 |                                   |
|---------------------|-----------------------------------|
| 1.                  | Downloaded from eduresourceza.com |
| 2.                  |                                   |
| 3.1                 |                                   |
| 3.2                 |                                   |
| 3.3                 |                                   |
| 4.                  |                                   |
| 5.                  |                                   |
| 6.                  |                                   |
| 7.                  |                                   |
| 8.                  |                                   |
| 9.                  |                                   |
| 10.                 |                                   |
| 11.                 |                                   |
| 12.                 |                                   |
| 13.                 | Downloaded from eduresourceza.com |
| 14.                 |                                   |

# MEMORANDUM

Downloaded from eduresourceza.com

1.
  - PalimpSES is 'n antieke perkament wat meer as een keer gebruik is.
  - Perkament is deur monnike gebruik.
  - As hulle nuwe inligting wou skryf, het hulle die inligting wat daarop was uitgevee en weer geskryf.
  - PalimpSES dui op herskepping.
  - Perkamentrol waarvan die oorspronklike afgekrap of onsigbaar gemaak is sodat daar weer op geskryf kan word.
2.

Strofe 1: Die vernietigingsproses in die natuur ter wille van menslike behoeftes.  
Strofe 2: Die digter se herskeppingsproses met papier en sy tikmasjien.
3. Dit laat die gedig vloeï.
4. Ja, Strofe 1 = oktaaf (8 versreëls); Strofe 2 = sestet (6 versreëls)  
Gedig het die eindrym nie. Moderne sonnet.
5. Die bome word na die vernietigingsproses, herskep omdat die digter die bome wat herskep is in die vorm van papier gebruik om sy gedig op te tik.
6.
  - Die skryfproses.
  - Vernietiging en herskepping.
7. Hartseer
8. Gedig gaan oor die lewe en is op alle mense van toepassing.

Downloaded from eduresourceza.com

# Antwoorde: Strofe 1

Downloaded from eduresourceza.com

1. Die vernietigingsproses in die natuur ter wille van menslike behoeftes.
2. “Bome skryf teen die blou lug”
- 3.1 Figuurlike taalgebruik
- 3.2 Beteken dat daar geen wolke in die lug is nie.
4. Bome word afgekap en gaan deur ‘n “pynlike” proses om tot papier gemaak te word.
5. r.1 “Bome skryf ...”; r.8 “Stil is die bome;”
6. Bind die strofe tot ‘n eenheid. Beklemtoon die bome.
7. r.7 “en pulp en plet die hout.”
8. Die hout word fyngemaal en platgepers.
9. Dra die boodskap van die kap van die hout oor.
10. Strofe 2 vorm deel van die sin, maar dit dui ook aan dat dit ‘n nuwe idee gaan gee.
11. r.6 “Meulens saag en maal”
12. Die bome se boodskap is onverstaanbaar vir mense.
13. Boodskappe wat bome aan die mens wil oordra, maar wat die mens nie verstaan nie.

Downloaded from eduresourceza.com

# Antwoorde: Strofe 2

Downloaded from eduresourceza.com

1. Die digter se herskeppingsproses met papier en sy tikmasjien.
2. Hy skryf sy gedig op papier wat die produk van bome is.
- 3.1 Wanneer hy “kletterend” (r.9) met sy tikmasjien die bome laat herleef. (op papier tik)
- 3.2 “kletterend”
- 3.3 Nuwe begin vir die bome. (groot gebeurtenis wat plaasvind)
4. Die bome leef weer in die vorm van papier.
5. Die stilte van die bome word beklemtoon.
6. Die stilte van strofe 1 teenoor die “kletterend” in strofe 2.
7. r.9 “stil”
8. r.14 “oggend”
9.
  - Verwys na die alfabet waarmee woorde geskep word en waarmee pyn uitgedruk word.
  - Verwys na enkodering waarmee ‘n foto helder gemaak word. Die digter maak dinge helder vir ander mense.
10.
  - Bome het jaarringe waarvolgens die ouderdom van ‘n boom bepaal word.
  - Verwys ook na die mens se tyd op aarde en die “pyn” (r.14) wat die mens met tye ervaar.
11. Die bome moes verander om deur die spreker gebruik te word. (vernietiging en herskepping)
12. r.11 “uit selfs die fynste grein”
13. r.13 “pyn”; r.14 “dein”
14.
  - Deur die herhaling van die “ei-klank” r.11 “grein”, r.13 “pyn” en r.14 “dein”
  - Eindrym: r.11 “grein” en r.14 “dein”

Downloaded from eduresourceza.com

# BRONNELYS

**VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL**

GRAAD 12 VOORGESKREWE GEDIGTE

(SAAMGESTEL DEUR RIENS VOSLOO)

**BEST BOOKS STUDIEWERKGIDS VERSKUNS**

VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 12

(SAAMGESTEL DEUR BEST BOOKS)

**GOOGLE IMAGES**

VIR VISUELE ILLUSTRASIES

([HTTPS://WWW.GOOGLE.CO.ZA/IMGHP](https://www.google.co.za/imghp))

